basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## 2016

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


| AFDELING A: GEDIGTE<br><br>Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae. | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. 'Een sprong vir ...' | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. 'Busrit in die aand' | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. 'Sonsverduistering' | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. 'Safari' | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| **EN** | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. 'gedig vir mammie' | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 18 |
| 14. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 20 |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 20 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–11 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 12–15 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**AFDELING A: GEDIGTE**

**VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Een sprong vir ... – Joan Hambidge**

Jy wil weet
waarom herstel ek nie –
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en à la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant ’n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw’rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto’s vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

[Uit: *Kriptonemie*, 1989]

In die gedig ‘Een sprong vir ...’ ondersteun beelde, beeldspraak en stylfigure die gesprek wat die spreker met die gewese geliefde voer.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby … Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ’n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand …

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë …
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

[Uit: *Die stil avontuur*, 1939]

2.1 Watter woord in versreël 1–3 dui daarop dat die spreker nie een van die werkers is nie? (1)

2.2 Haal TWEE frases uit versreël 1–4 aan wat die verloop van tyd aandui. (2)

2.3 Die lang “a”-klank word in versreël 4–6 by herhaling gebruik.

Benoem dié halfrym en gee ’n rede vir die gebruik daarvan. (2)

2.4 In versreël 7–9 beleef die spreker ’n verbeeldingsvlug.

Motiveer hoekom jy met dié stelling saamstem. (1)

2.5 Benoem die stylfiguur in versreël 12. Wat is die gevolg van die gebruik daarvan vir die leser? Motiveer hoekom dié stylfiguur geslaagd aangewend word in die gedig. (3)

2.6 Wat, dink jy, is die funksie van die vergelyking in versreël 13? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Sonsverduistering – PJ Philander**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
’n koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
’n vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang ’n skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister dat Sy pad onsigbaar is.
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie ’n skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Uit: *Uurglas,* 1955]

3.1 Skryf ’n woord uit versreël 1–4 neer wat op ’n stilte in die natuur dui. (1)

3.2 Gee redes waarom die gebruik van “vlek” (versreël 1) gepas is. (2)

3.3 Haal VIER opeenvolgende woorde uit versreël 1–8 aan wat by versreël 9 in die sestet pas. (1)

3.4 “... alle lig van God ...” (versreël 10)

Gee die figuurlike betekenis van dié woorde. (1)

3.5 Herlees versreël 12–14.

Waarom word “Huiswaarts” met ’n hoofletter geskryf? Gee ook TWEE bewyse dat die handelinge van die mens in hierdie reëls ironies is. (3)

3.6 Watter stemming oorheers in versreël 9–14? Motiveer jou antwoord. (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Safari – DJ Opperman**

Niks
staan
stil –
alles
kry
voete,
beweeg
in
lang
stoete:
grassteeltjies,
kosyne,
stede
en
treine;
oor
Saharas
en
savannes
die
optog
van
alle
paaie
oor
die
wêreldrond
na
die
gaatjie
in
die
grond
o

[Uit: *Kuns-mis*, 1964]

4.1 Wat is ’n “safari”? Toon aan hoe dié safaribeeld op die mens van toepassing is. (2)

4.2 Watter betekenisooreenkoms is daar tussen “Safari” (titel), “stoete” (versreël 10) en “optog” (versreël 21)? (1)

4.3 Hoekom word die meervoudsvorm in reël 17 en 19 gebruik? (1)

4.4 Is die gebrek aan die gebruik van leestekens in versreël 16–34 doeltreffend? Motiveer jou antwoord. (1)

4.5 Gee DRIE moontlike figuurlike verklarings vir die "o" in die laaste versreël. (3)

4.6 Watter boodskap wil die spreker met die tema van die gedig oordra? Motiveer ook hoekom die tipografie die tema van die gedig ondersteun. (2)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**gedig vir mammie – Selwyn Milborrow**

die lied van jou mond
was my klaasvakie
toe ek nie kon slaap nie
en jou oë verskrikvoëls
teen al die nagmerries

wat het jy Hom gevra
wat my tot vandag nog dra?

mag my gedig
jou hou by my
vir ewig

maar ek weet jy maak gereed
vir die sonsverduistering
en ek
vir die val van 'n herfsblaar

wat moet ek Hom vra
om jou nog 'n paar somers te spaar?

[Uit: *as die son kom oogknip*, 2002]

5.1 Waarom maak die gebruik van kleinletters in die titel die gedig universeel? (1)

5.2 Verduidelik versreël 1–3 in jou eie woorde. (1)

5.3 Benoem die beeldspraak in versreël 4 en sê waarom die beeld geslaagd is. (2)

5.4 Hoe word die versoeke in die gedig uitgehef? (1)

5.5 Haal die woord aan wat die spreker se wens kontrasteer en noem wat uiteindelik gaan gebeur. (2)

5.6 Tot watter TWEE insigte kom die spreker? Waarom is dit korrek om te sê dat die spreker met min tevrede is? (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Die keuses wat Iris uitoefen, beïnvloed haar lewe.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

“Waarom?” het hy seergemaak gevra toe ons die aand by die huis kom en soos ons gewoonte was eers ’n ruk in die motor bly sit.

“Ek dink nie ons pas bymekaar nie,” het ek waardig gesê.

Hy het my probeer soen, iets wat Richard se aansien altyd kwaai skade aangedoen het. Richard het teer maar intens opgetree, sy soene het my ruggraat vermurwe. Riekie, aan die ander kant, het net te menslik na my sin opgetree. Ek kon sy harde asemhaling hoor, sy mond was te nat, te groot en te werklik. Dit was byna onmoontlik om sy mond weg te skryf terwyl hy my teen die voorste sitplek vasgedruk het.

“Dis verby,” het ek gesê, losgeruk en uit die motor geklim. “Kry vir jou iemand anders. Ek is te jonk.” Wat ek eintlik wou sê, was dat ek my krag moes spaar vir die dag as die regte Richard opdaag. Ek het die huis ingeloop en op my bed gaan lê om die volgende hoofstuk te skryf in my epistel oor Richard. Uit die sitkamer het ek my ma se stem gehoor, hoog en desperaat. “Hulle gaan jou hare afskeer, darling!”

Natuurlik het Kara nie ’n non geword nie en nog minder het Riekie van my af weggebly. Ek het hom maar laat begaan op voorwaarde dat hy my nie soen nie. (As VIGS toe al bekend was, het ek ’n goeie verskoning gehad, maar my geslag was uitgelewer aan ons eie ordentlikheid en moes soek na redes vir ons kuisheid.)

7.1 Hoe het Iris en Riekie se vriendskap ontstaan en watter aanvanklike optrede van Riekie het dié vriendskap vroeg-vroeg laat wankel? (2)

7.2 Herlees reël 4–5.

Watter karaktereienskap van Iris kom hier sterk na vore? (1)

7.3 Noem die plan wat Iris aanvanklik bedink het om van Riekie ontslae te raak. Hoekom het haar plan misluk? Motiveer ook waarom Ma se optrede in hierdie uittreksel geloofwaardig is. (3)

7.4 Herlees reël 12.

By watter lewensfilosofie van Iris pas hierdie uitspraak? Hoe verander hierdie filosofie deur die loop van die roman? Motiveer die geslaagdheid van dié filosofie vir die slot van die roman. (3)

7.5 Skryf Kara se feministiese uitspraak ten opsigte van kinders neer. Watter latere gebeurtenis bewys egter die teendeel? (2)

7.6 Watter ander manlike karakter se aandag het Iris ook aanvaar? (1)

7.7 Waarom is dit so geslaagd dat Iris self die storie van haar en Riekie vertel? (1)

**EN**

**TEKS B**

"Kom," het die Engel gesê. "Kom."

Ek het agter hom aangestrompel en eers by die deur besef ek is kaal. "Net 'n oomblik," het ek gemompel en 'n trui oor my kop getrek. Ek was nog besig om my sweetpakbroek op te trek toe ek 'n nare geluid hoor en die Engel my gewelddadig in die gang uitstoot.

Die badkamerdeur was toe, maar ek kon die lig onderdeur sien skyn. Die geluide wat ek gehoor het, het my wawyd wakker gemaak.

"Joe-hoe," het ek saggies gesê en aan die deur geklop. "Is iets verkeerd?"

Daar was geen antwoord nie, maar die skeurende, brakende geluide het momenteel opgehou.

"Bettie?" het ek gevra en aan die handvatsel getrek. Dit was gesluit. Ek het met die trappe afgedraf na die kinders se kamer en ingeloer. Albei was aan die slaap. Terug op ons verdieping het ek by al twee kamers ingekyk en gesien dat Brian ook rustig slaap. Hy het op sy rug gelê, sy bultende borskas deinend in die koue. Ek het die kombers tot onder sy ken opgetrek en vinnig teruggespring toe sy gesnork van rat verander. Dit moet Bettie gewees het en ek is terug na die badkamer. "Bettie?" het ek gesis. "Dis ek. Maak oop." Ek het weer aan die handvatsel geruk en dié keer het die deur meegegee en ingeswaai na binne.

Sy het in die middel van die vloer gesit, kruisbeen op die klam blou matjie, die plastiekwasgoedemmer tussen haar bene. Sy het miserabel gelyk en die reuk was oorweldigend, suur en chemies.

7.8 Waar speel TEKS B af? Tot watter besef kom Iris in die roman ten opsigte van haar idee van 'n gesinslewe? Hoe dra die ruimte tot hierdie besef by? (3)

7.9 Iris het sekere verwagtinge van die Engel gehad.

Aan watter verwagting voldoen hy in TEKS B? Hoe misluk hy ten opsigte van Peter? (2)

7.10 Waarvan verdink Iris vir Bettie (reël 21–22)? Hoekom is die gebeure rondom die reddingspoging ironies? (2)

7.11 Die optrede van Brian se kinders dra by tot Bettie se gemoedstoestand.

Motiveer die stelling met 'n bewys uit die roman. (1)

7.12 Herlees reël 11–12 van TEKS A.

Benoem die soort konflik wat Iris in TEKS A ervaar. Gee 'n bewys dat Bettie dieselfde konflik met betrekking tot Brian ervaar. Motiveer met bewyse uit die roman hoe dié konflik van Iris en Bettie opgelos word. (4)
**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Baas en Grace verloor albei hulle ouers in terroristevoorvalle. Hulle reageer verskillend op hierdie verlies en albei het dus vir ouma Essie in hulle lewens nodig.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"As ek 'n dop of twee inhet, moet ek nie aan Grace dink nie. Dit gee my die blues. Dit was my job om vir haar te gaan sê haar ma en pa is dood, weet jy."

Grace sit haar hand oor sy mond. "Die kos is amper gaar," sê sy sag.

Baas se oë is op Grace. "Jy het nie die nag by Ngweze vir my gesê of die mense wat jou pa en ma doodgemaak het ooit gevang is nie."

"Die troepe wat die landmyn gestel het, is deur die Zambiese soldate agtervolg, maar hulle het oor die Namibiese grens gevlug. Hulle is nie gekry nie."

"Was dit Namibiese troepe?" vra Baas.

"Nee, Suid-Afrikaners. Ek ... ek sal gaan kyk of die kos al reg is."

Dis lank stil in die slaaprondawel.

Baas maak die Bybel oop. " 'To our eldest son Dennis'," lees Baas vir Whitey wat op die binneblad staan. " 'On his 30th birthday. May our Father in heaven be with you on your journey and forever. From your father and mother Dennis and Jennifer Chipman. 29th October 1870.' "

Whitey sak op die bed neer. Hy vat die Bybel stadig uit Baas se hande en staar na die inskrywing. Dan kyk hy op na die portret teen die muur en kom op sy voete.

"En hy was nie tien of twintig jaar hier in Barotseland nie, Baas Dennis Chipman," sê Baas. "Dit was nege en twintig jaar. Jy is reg. Dit was 'n tough Old Canadian daardie."

9.1 Waarom verskil Grace se optrede teenoor Whitey (reël 3) van haar optrede teenoor Baas? (2)

9.2 Herlees reël 4–5.

Gee TWEE redes waarom Baas nie in Ngweze vir Grace oor haar ouers se dood uitgevra het nie. Gee TWEE redes waarom hy haar wél later in die roman oor haar ouers se dood uitvra. (4)

9.3 In watter opsig beïnvloed Grace se antwoord in reël 10 Baas se verhouding met die plaaslike inwoners? Waarom is dit belangrik in die konteks van Baas se verblyf op Manaka? (2)

9.4 In reël 10 dui die ellips aan dat Grace sonder woorde is.

Motiveer haar reaksie. (1)

9.5 Wat suggereer die stilte (reël 11) in die slaaprondawel? (1)

9.6 Wat impliseer Baas met sy woorde in reël 12–15? Waarom is Whitey se optrede in reël 16–17 geloofwaardig? (3)

**EN**

**TEKS D**

"Dankie, ouma Essie," sê hy. "Ek het dit nie meer nodig nie."

"Meneer Baas kan vir ons bid," sê meneer Jos.

Die mense om die bed vat hande. Hulle bly lank so staan met hulle koppe gebuig.

"Dankie, Here. Amen," sê Baas.

"Amen," sê meneer Jos. Hy staan uit die pad dat Baas verby die buffet kan skuur. "Miskien sal ons vir haar ’n plek kan gee waar al haar goed sal inpas," sê hy en vryf sy hande teen mekaar.

"Die deure en die vensters vir die kerk en vir die huis het gekom," sê Baas.

By sy kamp dra Baas Morena se horings teen die bult uit en slaan dit bokant Manaka se naambord teen die stutpaal vas.

Meneer Johnnie help hom om die planke en die stutpaaltjies te verf vir die bankies wat onder die worsboom gebou moet word. ’n Groot voertuig ratel tussen die ysterklipkoppe in die hoofpad tot stilstand. Whitey kom in sy blou oorpak teen die bult af geloop.

"Howzit?" Hy hou Baas aan die skouers vas. "Ek het maar daar bo stilgehou," sê hy toe Baas nie antwoord nie. "Ek kom eintlik net hoor of ek nie daardie seuntjie by jou kan leen nie. Ek wil hom stuur."

"Ja, hy is groot genoeg om gestuur te word. Ons moet net hoor of hy gestuur wíl word. Sitali!"

"Ek sal voor vanaand terug wees." Whitey sit sy hand op Sitali se kop.

"Vat die Land Rover," bied Baas aan.

9.7 Herlees reël 1–9.

9.7.1 Wat is dit wat Baas vir ouma Essie teruggee en wat is die simboliese waarde van sy daad? (2)

9.7.2 Ondersteun Baas se woorde in reël 5 én reël 9 sy optrede in dié uittreksel? Motiveer jou antwoord. (2)

9.8 Baas se optrede in reël 10–13 bewys dat sy innerlike konflik opgelos is. Gee redes vir hierdie stelling. (3)

9.9 Dink jy daar is ooreenkomste tussen die optrede van Whitey (TEKS C, reël 17) en Baas (TEKS D, reël 22)? Motiveer jou antwoord. (3)

9.10 Waarom wil Whitey die seuntjie (reël 19) leen? (1)

9.11 Waarom is die alomteenwoordige verteller in TEKS D gebruik? (1)
**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Tant Wonnie het letterlik en figuurlik verliese op Vatmaar gely.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**

Ja, my Baas.

En jy, dief, wat is jou naam?

Yvonne Müller, sê Tant Wonnie. Sy het haar hande gewys en gesê: Ek het nog nooit 'n ring aan my vingers gehad nie, Mineer, nie vandat ek myself ken nie.

En jy is van Vatmaar? vra hy sonder om enige notisie te vat van wat Tant Wonnie sê.

Ja, Mineer.

Tant Wonnie draai na die ander mense wat nader gestaan het om seker te maak dat hulle niks mis nie.

Ek het 'n man gehad vir wie ek ag kinders in die wêreld gebring het. Hy het my nooit 'n ring gegee om aan my vinger te sit nie, sê sy en laat haar hande sien. Daar wás 'n ring, maar dit was om onse harte, ons kon dit nooit verloor nie, nie eers in die dood nie. My vingers is gemaak vir werk.

Toe, is agterna vertel, het daar 'n traan uit haar linkeroog gekom, die een waarmee sy nie kon sien nie omdat die perdeby haar jare terug daar gesteek het.

Hulle het doodstil na haar staan en kyk, dié mense vir wie sy gehelp en gewerk het vir wat hulle haar ook al wou gee en vir wie sy nooit gesê het dis nie genoeg nie. Party het aspris misbruik gemaak van haar goeie geaardheid en net gesê: Kom môre. Tant Wonnie het nooit die volgende dag teruggegaan vir die betaling nie en net vir haar dogters gesê: Ons is nie betelaars nie. Sy was van 'n hoër statuur as hulle en het aardse armoede geken.

11.1 Herlees reël 2.

Waarom kan Oom Flip en Bennie O'Grady ook as diewe beskou word? (2)

11.2 Waar is die fiktiewe nedersettinkie, Vatmaar, geleë? (1)

11.3 Hoekom word Tant Wonnie as 'n dief (reël 2) beskou? Waarom praat hierdie persoon so met Tant Wonnie? (2)

11.4 Watter funksie verrig die verteller in TEKS E? (1)

11.5 Hoe word die wit man in reël 6–7 en die Müller-vroue in die roman gestereotipeer? (2)

11.6 Herlees reël 11–14.

Watter belangrike lewenswaardes word hier aangevoer? Dink jy hierdie waardes is vandag nog in ons samelewing aanwesig? Motiveer jou antwoord. (3)

11.7 Wat is die stemming in reël 18–20? (1)

11.8 Watter karaktereienskappe van Tant Wonnie kom in reël 21–23 na vore? Waarom is die inwoners van Vatmaar se optrede teenoor Tant Wonnie onregverdig? (3)

**EN**

**TEKS F**

Wat het die sersant gesê toe jy hom die diamant gee?

Baas, hy het gesê hy het al gehoor dat 'n mens hulle in die strate kan optel, maar hy het dit nooit geglo nie en dat ek die grootste aap is wat hy nog ooit teëgekom het. Hy het gevra wat my naam is en ek het gesê Hendruk Jannewarie. Toe sê hy die aanklag is handel in ongeslypte diamante sonder lisensie en besit van 'n ongeslypte diamant. Die sersant het toe geroep: Konstabel! en 'n swart poeliesman het gekom en die sersant het vir hom gesê om my deur te soek en toe te sluit.

Toe maak die magistraat keel skoon en vra: What has the accused to say before sentence is passed?

Terwyl hy die Bybel 'n laaste kyk uit die hoek van sy oog gee, het Oom Hendruk gedink: Noulat ek die waarheid vertel het, sal die waarheid my vrymaak.

Hy het 'n rukkie nagedink en toe sê hy: Ek het nie die klip gesteel nie, ek het hom opgetel. Dit het aan die aarde behoort. Net soos kos uit die aarde uitgehaal en vir geld verkoop kan word, so behoort blink klippies ook verkoop te kan word. Die verskil lê by die mense.

Die hofsaal was volgepak met bruinmense, sy mense. 'n Hele paar het gemompel: Dit is waar.

Stilte! skree die poeliesman.

Na 'n rukkie sê die magistraat: Ignorance of the law is no excuse, eight years hard labour. Take him away.

11.9 Motiveer waarom dit korrek is om te sê die handeling van die geregsdienaars in TEKS E en TEKS F stem ooreen. (1)

11.10 Watter algehele mening heers in Vatmaar oor mense wat Engels praat (reël 9–10)? Is hierdie mening geregverdig binne die konteks van die roman? Motiveer jou antwoord. (2)

11.11 Gee TWEE redes waarom die verwysing na die Bybel in reël 11 ten opsigte van die predikant ironies is. Waarin is die ironie van Hendruk se woorde in reël 12–13 geleë as jy die verdere gebeure in die verhaal in gedagte hou? (3)

11.12 Herlees reël 14–22.

Gee TWEE redes waarom hierdie gedeelte by die romantitel aansluit. Dink jy Hendruk se optrede sê iets oor eietydse probleme in Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord. (4)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

## *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Antie Grootmeisie en Blanchie het 'n invloed op Map Jacobs, terwyl Blanchie en Maud Cavernelis beïnvloed.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

CYRIL: ..., hy's lucky vir parole nou al!
*Hulle speel.*
RICHIE: Maar daa' was mos extenuating circumstances, daai tyd, jy wiet ...
CYRIL: Ga!
RICHIE: Anyway, 'is seker oek nie ons biesagheit nie ...
CYRIL: Shit, hoe praat jy dan nou nes ou Tommy! *(Lag. Hulle speel hulle kerrim. Die kerrimskyfies is "kinders".)*
Hê, my kinners is darem weer stout vi'dag!
RICHIE: Stoot, jong, stoot!
*Hulle speel.*
CYRIL: Hê, die ou-lady het toe nooit weer eintlik gepraat nie, nè?
RICHIE: Ja! Sy loep ma' altyd so silent-silent ...
*Hulle speel.*
CYRIL: Hulle sê sy's stom, ek mien, lat sy haar praat geverloor het daai selfde aand nog toe dit gebeur het ... Sy sê glo net 'n woord hier en daar, ma' dis al ...
RICHIE: 'Is hearty ...
CYRIL: Ja.
*Hulle speel.*
RICHIE: Hê, my kinnertjies, kom dan nou, kom dan nou!
*Hulle speel.*
RICHIE: 'it was die shock van die ding, daai aand, sê hulle ...
CYRIL: Concentrate op die game, man!
RICHIE: 'It kán so gebeur, sê hulle ...
CYRIL: Ek sil nie wiet nie, man, ek is nie 'n psychiatris' nie. Speel!
*Hulle speel.*
RICHIE: 'It was glo daai anner vark, Gappie Martin, se skuld eintlik ... daai aand ... Hulle't altyd gesê 'is hý wat die hele ding begin het, daai aand ...

| | |
|---|---|
| CYRIL: | Ma' Map was die leader, man ... Hy was mos altyd die leader ... Ennie leader moet die responsibility vat ... Hulle ammal was vuil varke ... |
| RICHIE: | Hel, wiet jy hoe bly was ek ek was nie daai aand saam nie! *Hulle speel.* |

13.1 Hoekom word Map op parool vrygelaat (reël 1)? Waarom beskou Map homself gelukkig om nou reeds op parool vrygelaat te word? (2)

13.2 Wat was die versagtende omstandighede waarna Richie in reël 3 verwys? (1)

13.3 Wat verklap Richie se woorde in reël 5 oor hom? Waarom is die woorde ironies? (2)

13.4 Wat is die funksies van die onderstreepte toneelaanwysings in reël 6–7? (2)

13.5 Hoe dra die dialoog in reël 14–16 by om spanning te versterk? (2)

13.6 Herlees reël 27–34.

Cyril en Richie se uitgesprokenheid en veroordeling van Map en sy bendelede is ongeregverdig. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord uit die drama. (3)

**EN**

**TEKS H**

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. *(Hy wys, bars dan uit van die lag.)* An' you know, what really gets me? La die mense almal actually nog bid! Nog in die Here in glo! Praise the Lord, en al daai jazz! |
| CAVERNELIS: | Wel ... |
| | *Bo by die woonstelvenster verskyn Blanchie se gesig weer, om te sien wat haar pa ophou. Sy roep dan.* |
| BLANCHIE: | Daddy! Daddy! |
| LA GUMA: | En ek hoor Map Jacobs is oek kamma gebekeer! |
| CAVERNELIS: | Ek kom, Blanchie ...! Okay, goodnight, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | *(is nog nie klaar gepraat nie. Cavernelis huiwer weer.)* Weet jy hoekom hulle vir hom Map ge-call het? You know why? |
| CAVERNELIS: | *('n bietjie meer ferm)* Maar ... ek stel nie belang nie, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | Omlat hy ge-tattoo is oor sy hele lyf. *(Hy wys.)* That beautiful body, hoekô moet hy dit nou so gaan opmess! Allerhande merke, like, to identify himself! Daai's wat 'n man doen as jy desperate is, in 'n plek soes dié. *(Hy wys weer na die geboue.)* In dié ... wasteland ... 'is dieselde ding, man, soes wat die mense hierso hulle grys hyse paint, die een bright red ennie anner een bright blue, en die een paint 'n eagle op sy deur, en die anner een vir Superman, an' so on. |

Verstaan jy, mister Cavernelis! 'Is soes tattoos, man, dieselfde ... You search for something, man. As jy 'n regte mens is, dan wil jy wiet waar jy aan is en waar jy af is, waar jy stáán. Understand?

13.7 Watter spesifieke rol vervul La Guma in hierdie drama? (1)

13.8 Herlees reël 1–4.

Benoem die fisiese ruimte waarin La Guma en die ander inwoners hul bevind. Hoe beïnvloed dié ruimte hulle gemoedstoestand? Noem ook TWEE oorsake van hierdie invloed. (4)

13.9 Hoekom sê Cavernelis in reël 14 hy stel nie belang nie? (1)

13.10 Watter tema van die drama kan uit La Guma se woorde in reël 20 afgelei word? (1)

13.11 Wat is die verband tussen die tatoeëermerke en die huise op die Kaapse Vlakte (reël 21–25)? Dink jy dat hierdie verband ook op Cavernelis van toepassing is? Motiveer jou antwoord. (3)

13.12 Die woorde in reël 24–27 bevestig *Krismis van Map Jacobs* as 'n voorbeeld van protesteater.

Wat is die protes wat Adam Small met hierdie drama wou aanteken? Gee voorbeelde uit die drama waarmee hy probeer om dié protesboodskap oor te dra. (3)
**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 14: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Die sirkus het 'n belangrike invloed op die drama.

Bespreek hierdie stelling in 'n literêre opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 15: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS I**

GERTIE: Daarom is ons so dankbaar ...
MEISIE: *(verskyn in die deur)* Ek is klaar, Ma.
MIEM: Goed so, my kind.
GERTIE: Ek was besig om te sê dat ons so dankbaar is om u vanaand by ons te hê. *(Loop versigtig met 'n oorvol koppie koffie na die KONSTABEL.)*

KONSTABEL: Ek is bly ek kan van diens wees.

MIEM: En maak toe die deur, Meisie!

GERTIE: Hier, Konstabel. Ek is jammer ... Ek het 'n bietjie gestort in die piering.

*(MEISIE maak die deur toe. Die sirkusmusiek word nie meer gehoor nie.)*

KONSTABEL: Alles reg, Juffrou. *(Maak sy keel skoon)* Ek hoop nie u neem aanstoot nie, maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite.

MIEM: Hoe so, Konstabel?

KONSTABEL: Al hierdie feite is tog ooglopend. Maar daar is ander gegewens ... wat u miskien misgekyk het.

GERTIE: En wat sou dit wees, Konstabel?

KONSTABEL: *(kil)* Ek het al te veel gesê. Kom ons laat dit daar. *(Klap sy hande saam)* Nou wel, as u dan die saak oopgevlek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon ... of persone ...

GERTIE: Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een?

KONSTABEL: 'n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik.

MIEM: Ja, dit is waar. *(Aan MEISIE)* Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.

MEISIE: Ja, Ma.

*MEISIE gaan sit en werk verder.*

15.1 Die ellips in reël 1 dui aan dat Gertie in die rede geval word.

Wat wil sy vir Konstabel sê? (1)

15.2 Waarom vind Meisie dit nodig om haar teenwoordigheid in die kombuis te verduidelik? (2)

15.3 Hoekom is Gertie dankbaar vir Konstabel se teenwoordigheid? (3)

15.4 Dink jy Konstabel se woorde in reël 7 is opreg? Motiveer jou antwoord. (1)

15.5 Herlees reël 8.

15.5.1 Hoe ondersteun hierdie woorde van Miem haar rol as ma? Dink jy die woorde ondersteun die tema? Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

15.5.2 Waarom is Miem se woorde ironies? (1)

15.6 Herlees reël 13–18.

Skryf TWEE frases neer wat by die titel van die drama aansluit. (2)

15.7 Dink jy Konstabel se woorde in reël 25 is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS J**

KONSTABEL: En daar staan sy in haar onderklere. Onderklere van kant en sy.

*GERTIE kyk in ekstase na haarself in die denkbeeldige spieël.*

KONSTABEL: Sy kyk weer na haarself. Sy streel haar palms stadig langs haar sye af.

*GERTIE streel haar palms langs haar sye af. Sy sug van plesier.*

KONSTABEL: Sy word twee mense. Sy begeer. En sy word begeer.

*GERTIE kyk byna in 'n beswyming na haar 'beeld' in die 'spieël'. Skielik gaan 'n deur oop. Die geluid van die wind hou op. Daar is voetstappe in die gang. GERTIE lyk verward, asof sy skielik wakker skrik. Sy gryp haar bloes en haarnaalde van die tafel af en verdwyn vinnig deur die agterdeur. Die agterdeur klap hard agter haar toe. Na 'n oomblik verskyn MIEM in die deur. Oor haar arm is 'n pienk kombers.*

MIEM: En wie is so skielik hier uit?

KONSTABEL: Dit is juffrou Gertie.

MIEM: *(snork)* Dit is seker weer die vars lug en die oefening. Dit is regtig onverstandig van haar. Op so 'n aand. Ek is darem seker Wagter sal 'n ogie oor haar hou. Ek het net die kombers gebring. As u so 'n bietjie wil skuins lê op die bank. Nou ja, goeienag, Konstabel. En weer eens dankie.

KONSTABEL: Goeienag, Mevrou.

*MIEM huil skielik en sak op 'n stoel by die tafel neer.*

KONSTABEL: Wat makeer, Mevrou?

MIEM: Dit is so lank laas ... lank laas ...

15.8 Gee TWEE redes vir Gertie se "ekstase" in reël 3 en skryf EEN woord uit reël 10–12 neer wat hierdie ekstase bevestig. Dui aan dat Gertie se ekstase met die tema verband hou. (4)

15.9 Die gebruik van die wind (reël 11–12) is effektief. Motiveer die stelling. (2)

15.10 Wat verklap die toneelaanwysing in reël 20 ten opsigte van Miem se karakter? (1)

15.11 Vergelyk Miem se optrede in reël 26–28 van TEKS J met reël 26–27 van TEKS I.

Gee 'n rede vir Miem se optrede in elk van die twee verwysings. Dui aan in watter opsig Miem in hierdie drama 'n onverantwoordelike ma vir Meisie is. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 28 bladsye.**

**NASIENRIGLYNE**

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die memorandum is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.
8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL
**Een sprong vir ... – Joan Hambidge**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE** |
|---|

| | |
|---|---|
| **B** – Beelde<br>**BS** – Beeldspraak<br>**S** – Stylfigure | **I** – Inhoud<br>**S** – Struktuur & Taal |

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die maanbeeld word in die verbreking van die verhouding aangewend waar die spreker sê dat die geliefde hom/haar na die maan gestuur het**, wat impliseer dat die verhouding verbreek is./Versreël 5: *jy stuur my na die maan*
- **In die gesprek met die geliefde word die beeld van die maankors gebruik om die herinneringe te verbeeld** wat die spreker tot die insig lei dat die liefde 'n illusie is./ Versreël 14: *neem stukkies maankors saam*
- **In die klimaks/hoogtepunt van die gedig is die maanbeeld aangewend om die insig waartoe die spreker kom, aan te dui**, naamlik die besef dat die werklikheid net so mooi en romanties op die aarde kan wees as wat romanse met die maan geassosieer word./Versreël 15–16: *en weet na maande die maan is hier*
- **In die vergelyking word die spreker, wat koersloos deur sy/haar lewe beweeg met** Neil Armstrong vergelyk wat in die lugdrukvrye atmosfeer, ook koersloos, beweeg het./ Versreël 6: *à la Neil Armstrong beweeg ek in die lugdrukvrye atmosfeer ...*
- **Die spreker se besinning oor die pyn en verbittering van die verbreekte verhouding** word metafories met kraters wat op die maan karteer word, gelykgestel./Versreël 8: *karteer die kraters*
- **Die spreker gebruik 'n hiperbool om die beloftes van die gewese liefde aan te dui** wat daartoe lei dat die spreker nie van die verbreekte verhouding herstel nie./ Versreël 3–4: *want jy het my die maan, sterre en uitspansel beloof.*
- **Die spreker gebruik teenstelling om aan te toon dat die verhouding verby is.** Dit staan in teenstelling met die maan en maanbeeld wat in die gedig voorkom./Versreël 10: *(dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw'rige planeet.*
- **Die emosionele pyn wat die verbreekte liefdesverhouding vir die spreker bring**, word deur die paradoks, stil verwoesting wat gesaai word, aangedui./Versreël 18: *karteer die kraters, die stil verwoesting wat jy saai*
- **Die insig waartoe die spreker in die klimaks kom**, is dat beloftes wat 'n (volgende) geliefde maak, nie sonder meer geglo word nie/die lewe sonder die geliefde is nie maklik nie./Versreël 19–20: *ek weet die maan is beslis nie van kaas*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**10**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | "hulle"/"sy" √ | 1 |
| 2.2 | "wat huis toe (gaan)"/<br>"dis laat"/<br>"Skaduwee-skimme gly (verby)" √ √<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir een punt elk aan.* | 2 |
| 2.3 | Assonansie √<br><br>Dit ondersteun die somber stemming./<br>Dit vertraag die leestempo. √ | <br><br><br>1 |
| 2.4 | Die letterlike bus word 'n figuurlike kaperskuit √ | 1 |
| 2.5 | Polisindeton. √<br><br>Die leser beleef die ry/sukkel van die bus./<br>Die leser beleef 'n visuele/klankmatige voorstelling van die bus se gesukkel. √<br><br>Dit is geslaagd, want die polisindeton beklemtoon die gesukkel van die bus. √ | 1<br><br><br>1<br><br>1 |
| 2.6 | Die kontras tussen die verliefdes en die ander passasiers word uitgehef./<br>Die vrolikheid van die verliefdes in die bus word uitgehef./<br>Die verliefdheid van die paartjie word beskryf. √ | <br><br>1 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Sonsverduistering – PJ Philander**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | "geruisloos" √ | 1 |
| 3.2 | Dit rym met "trek".<br>Dit het 'n negatiewe konnotasie.<br>Die maan se skadu lyk soos 'n vlek op die son.<br>Die maan se skadu hou met die titel verband. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br><br><br>2 |
| 3.3 | "die **vlek** van skadu"/<br>"dreigend **swart die kol**"/<br>"n koue **vreemde skemerte**" √ | <br><br>1 |
| 3.4 | Om te leef soos wat God wil hê./<br>Die wil van God./<br>Leiding wat God deur natuur aan die mens gee.<br>Kennis van God (se wil). √ | <br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Dit verwys na die hemel./<br>Dit verwys na die hiernamaals./<br>Dit word figuurlik bedoel. √<br><br>’n Voorgevoel/’n mens se geloof lei ’n mens *Huiswaarts*, maar die mens beskik nie daaroor nie.<br>Die mens se keuse om gehoorsaam aan die duisternis te wees, veroorsaak dat hy/sy nie weet om tydig *Huiswaarts* te keer nie.<br>Omdat die mens se pad verduister/onsigbaar is, kan die mens nie tydig *Huiswaarts* keer nie.<br>Hoewel ons sou verwag dat die mens gevaar sou aanvoel, is hul dommer as skape/ tree hul nie instinktief soos die skape op nie.<br><br>*Die kandidate moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied. Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 3.6 | ’n Somber/mismoedige/neerslagtige/onheilspellende stemming √<br><br>Die mens se ongehoorsaamheid/verlorenheid/vashou aan die sonde word beskryf./<br>Die duisternis oorheers./<br>Dit ondersteun “skaduwee” wat “alle lig” verduister./<br>Dit sluit aan by “Sy pad onsigbaar is”. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **10** |

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**
**Safari – DJ Opperman**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | ’n Uittog/trek/uitstappie/jagtog/trekgeselskap/ontdekkingstog/reis (in die veld) √<br><br>Die mens is op ’n lewensreis./<br>Die mens gaan van geboorte tot sy dood op ’n lewensreis./<br>Die mens se lewensreis word aan ’n safari gelykgestel. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.2 | Al drie woorde verwys na mense wat vorentoe beweeg./dui beweging aan.<br>Al drie woorde verwys na mense wat op reis gaan./<br>Al drie woorde dui op die verloop van mense se lewens. √ | <br><br>1 |
| 4.3 | Dit dui aan dat die mens baie hoogte- en laagtepunte/fases/stadiums gedurende sy/ haar lewe beleef. √ | 1 |
| 4.4 | Ja<br>Die gebrek aan leestekens beklemtoon die gedagte dat die optog sonder keer na ’n noodwendigheid/die graf afloop./<br>Die gebrek aan leestekens beklemtoon die gedagte dat die optog sonder steurnisse op ’n noodwendigheid/na die graf, afloop. √ | <br><br><br><br>1 |
| 4.5 | Dit illustreer die gaatjie in die grond waarna verwys word.<br>Dit is ’n visuele voorstelling van die gat./graf.<br>Dit wys skok/verbasing/dui op gelatenheid.<br>Dit dien as ’n punt aan die einde van die lewe.<br>Dit sluit aan by/illustreer die “Niks” in versreël 1. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br><br><br><br>3 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | *Die kandidaat moet die **boodskap uit die tema** formuleer – nie bloot die tema (die verganklikheid van die mens) neerskryf nie, bv.*<br><br>Geniet jou lewensreis. √<br><br>Die gedig is 'n visuele voorstelling van die lewensreis wat nie 'n reguit pad is nie, maar kronkel. √ | <br><br>1<br><br><br>1 |
| | | **10** |

**EN**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**
**gedig vir mammie – Selwyn Milborrow**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die gedig handel nou oor enige ma./handel nie oor 'n spesifieke ma nie. √ | 1 |
| 5.2 | Wanneer die spreker nie kon slaap nie, het sy/haar ma hom/haar aan die slaap gesing/vir hom/haar stories voorgelees/beskermend laat voel. √ | 1 |
| 5.3 | Metafoor √<br><br>Die verskrikvoël jaag gevaar weg soos die spreker se ma (se oë) die nagmerries weggejaag het. √ | 1<br><br>1 |
| 5.4 | Die strofes waarin die versoeke voorkom, is korter./<br>Vraagsinne word gebruik./<br>Retoriese vrae word gebruik. √ | 1 |
| 5.5 | "maar" √<br><br>Die ma gaan sterf. √ | 1<br><br>1 |
| 5.6 | Hy besef 'n gedig gaan nie sy ma vir ewig by hom hou nie. √<br>Hy besef eintlik sy ma is aan die einde van haar lewe.√<br><br>Hy vra 'n paar somers/jare en nie 'n lang tyd nie. √ | 1<br>1<br><br>1 |
| | | **10** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

**VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE** |
|---|

| | |
|---|---|
| **K** – Keuses van Iris beïnvloed haar se lewe | **I** – Inhoud<br>**S** – Struktuur |

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Iris kies om die "*dienares van hoër gode*" as die verklaring vir haar naam te aanvaar** wat daartoe lei dat sy ander se wense uitvoer, eerder as haar eie./Bv. bl. 10: *Iemand wat altyd moes regstaan vir ander, belangriker gode. Ouers, susters, onderwysers.*
- **Iris se keuses versterk haar buitestanderskap**, veral as sy meer 'n toeskouer as 'n deelnemer aan die lewe is./Bv. bl. 25: *Ek het hulle (my susters) fyn dopgehou, hulle lewens geëvalueer en dit as 'n teoretiese oefening gesien om vas te stel hoe ek in 'n soortgelyke situasie sou optree.*
- **Iris se keuse om te eksperimenteer versuur haar verhouding met haar susters** as sy toegelaat word om dinge te doen wat nie vir hulle beskore was nie./Bv. bl. 15: "*Het Ma ons ook toegelaat om dit te doen?" wou hulle geskok weet toe ek een aand my tande staan en borsel met die uitgekrapte as uit die kaggel.*
- **Iris se keuse om in 'n eksistensiële periode te tob** het tot gevolg dat haar susters haar kritiseer./Bv. bl. 53: *My kloosterrokke was almal grys of swart. "Jy lyk so druipstert," was Elsa se kommentaar. "Asof jy 'n vlugteling is."*
- **Tydens die eksistensiële periode van Iris se lewe maak sy 'n vrye keuse om soos Aspoestertjie te leef,** maar haar ouers en susters se reaksie daarop laat haar onbelangrik voel./Bv. bl. 25: *Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel. Niemand het eens opgekyk nie ...*
- **Iris se keuse om by dr. Anders te gaan werk as 'n stoelassistent** en om nie 'n beroep te volg waarvoor sy opgelei is nie, bring konflik tussen haar en haar pa./Bv. bl 41: *"En dis waarvoor ek haar drie jaar op universiteit gehou het, om by die tandarts te werk. Spoeg weg te vee."*
- **Iris kies 'n beroep wat haar toelaat om haar kop onbetrokke te laat** en haar die geleentheid te gee om haar fantasiekarakters uit te brei./Bv. bl. 42*: Ek wou nie 'n werk hê wat my gedagtes in beslag sou neem nie.*
- **Sy kies om saam met Riekie matriekafskeid toe te gaan terwyl hy haar verveel.** Riekie word as Richard omgetower./Bv. bl. 19: *Buitendien moes ek 'n maat hê vir die matriekafskeid en Riekie was op sy ongekunstelde manier aantreklik. Aanvaarbaar.*
- **Iris se keuse om alleen na die partytjie te gaan bring haar in kontak met Peter** wat haar wys op ander ryk betekenisse van haar naam en haar laat goed voel daaroor./ Bv. bl. 36: *"Die fleur de lis. Jy weet tog wat dit is?" "Ja." "Daar het jy dit dan. 'n Naam vol ryke assosiasies."*

- **Iris se keuse om saam met Peter na sy woonstel te gaan**, laat haar haar maagdelikheid verloor en die werklikheid begin haar fantasie oorheers./Bv. bl. 40: *Peter was werklikheid. Hy het hare op sy bors, voorarms en bene gehad. Sy asem het soet geruik, na wyn. Hy het my ernstig ontklee ...*
- **Iris se keuse om saam met Peter te slaap kon moontlik haar blomoomblik wees**, want haar ma het die volgende oggend opgemerk dat sy goed lyk./Bv. bl. 41: *"Jy lyk goed vir iemand wat ..." Ek het vinnig opgekyk. "Wat wat?"*
- **Iris maak 'n keuse ten opsigte van haar verhouding met Peter as sy 'n vliegkaartjie na Amerika koop** en so 'n nuwe rigting in hul verhouding inslaan./Bv. bl. 79: *Peter se laaste, onduidelike poskaart het voorgestel dat ons mekaar in New York ontmoet, die naweek voor Kersfees.*
- **Iris se keuse om vir Peter te gaan kuier bevestig dat sy ontwikkel** van iemand wat die werklikheid vermy tot iemand wat betrokke raak by die werklikheid as haar emosies duideliker blyk./Bv. bl. 97: *Ek het neerslagtig op die bed gaan sit en om my rondgekyk. Dit was nie die romantiese herontmoeting wat ek my voorgestel het nie*.
- **Iris kry bevestiging vir haar keuse om Peter in Amerika te gaan besoek by sy ma** omdat die inligting wat Ans oor haar seun deel, Iris laat besef dat sy fisies na hom verlang./Bv. bl. 85: *Ek het geknik en my binnegoed voel draai van verlange.*
- **Iris kies om saam met Peter na Vermont te gaan en nie 'n loopbaan as model aan te gryp nie** en verspeel so haar kans op 'n moontlike blomtyd. /Bv. bl. 133: *As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie, moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe." ... "Ek kan nie onbepaald sit en wag dat jy tot jou sinne kom nie."*
- **Iris laat die Engel toe om deel van haar lewe te word** en as haar beskermengel, raadgewer en klankbord dra hy by tot haar insig oor haar naam en haar blomtyd./ Bv. bl. 187: *"Die lewe is nie 'n storieboek nie." "En 'n naam is net 'n naam."*/Bv. bl. 195: *"Party mense blom ongesiens."*
- **Iris kies later om verantwoordelikheid vir haar eie lewe te neem en besef dat sy self verantwoordelik is vir haar keuses** as die Engel haar daarop wys wanneer sy hom verantwoordelik hou vir Peter se ongeluk./Bv. bl. 217: "*As jy môre op die dak loop en gly en afval, sal ek jou nie vang nie. Om op die dak te loop, is jou keuse. Peter se werk is sy keuse." Ek het my op ons bed neergewerp en gehuil, nie net van skok nie, maar ook omdat ek beskaamd was oor my uitbarsting.*
- **Iris se keuse om haar hart oop te maak teenoor Billy, die taxibestuurder,** bring insig oor haar naam en blomtyd./Bv. bl.104: *"My suster het nog nooit aan hierdie goed gedink nie. Iris is haar naam. Dis al. Toeval, dis wat dit is. My ander suster is Daisy."*/Bv. bl. 105: *"Nie alle bolle kom tot bloei nie."*
- **Iris raak so betrokke by die werklikheid dat sy haar fantasiekarakters laat verdwyn** en is selfs bereid om die Engel te laat gaan./Bv. bl. 214: *Ek het ook met die Engel gepraat en voorgestel dat hy van werkgewer verander en hom by Ma aansluit aangesien ek nie regtig sy dienste op 'n daaglikse grondslag nodig gehad het nie.*
- **Iris besluit om met Peter te trou en ontvang daarmee saam alles wat haar tevrede en gelukkig maak** as Peter haar ouerhuis vir hulle as woonhuis koop en daarmee saam die kwart-voor-sewe-lelie, Polder, Johanna en die Engel./Bv. bl. 214: *Ek was in die wolke omdat ek die tuin en die kwart-voor-sewe-lelie geërf het ...*
- **Iris kies om haar fantasiewêreld agter te laat en volkome betrokke te raak by haar werklikheid** as sy Peter se groot invloed op haar lewe besef met sy ongeluk./Bv. bl. 215: *"Ag," het ek gesê. "Peter." Toe het ek begin huil. My oë kon dit nie help nie*.
- **Iris kies om haar te vereenselwig met die kwart-voor-sewe-lelie en laat gaan so haar beheptheid met haar naam** omdat sy, soos die lelie, ook bestem is om te blom en dat haar blomtyd ook nie volmaak hoef te wees nie./Bv. bl. 220*: Dis halfsewe en ons hou die lelie dop ... "Wees geduldig," sê ek. "Dis amper tyd."*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

## VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Sy het Riekie deur Hannes, wat by Elsa gekuier het, ontmoet. √<br><br>Die manier waarop Riekie "Haai" gesê het./<br>Die manier waarop Riekie gegroet het. √ | 1<br><br><br>1 |
| 7.2 | Sy is 'n dromer./verbeeldingryk. √<br><br>*Die kandidaat kan die karaktereienskappe omskryf.* | 1 |
| 7.3 | Sy het aan haar ma gesê om haar te verbied om hom te sien. √<br><br>Haar ma het nie na haar geluister nie./<br>Iris se ma was ontsteld oor Kara wat 'n non wou word. √<br><br>Sy sê reeds aan die begin van die roman dat niemand/Ma haar (nie) ernstig opneem nie./<br>Een van die ander susters het altyd net 'n groter krisis beleef wat Ma se aandag vereis het. √ | 1<br><br><br>1<br><br><br><br><br>1 |
| 7.4 | Daar is slegs een keer in 'n leeftyd 'n blomgeleentheid. √<br><br>Iris besef daar is meer as een blomgeleentheid in jou lewe./<br>Iris besef elke dag is 'n blomgeleentheid. √<br><br>Dit sluit aan by die een knop waarvoor Iris en Johanna wag om oop te gaan. √ | 1<br><br><br>1<br><br>1 |
| 7.5 | Sy sê dat sy nie 'n broeikas is nie./<br>Sy sê haar liggaam behoort aan haar. √<br><br>Sy en Claude het kinders./<br>Sy en Claude wil 'n huis vol kinders hê. √ | <br>1<br><br><br>1 |
| 7.6 | Frederik √ | 1 |
| 7.7 | Dit is geloofwaardig. √ | 1 |
| 7.8 | In Vermont/die vakansiehuis √<br><br>Sy sal dit geniet om huis-huis te speel./<br>Sy sal dit geniet om (twee regte) kinders te versorg. √<br><br>Met Bettie in dieselfde ruimte het die kinders verkies dat Iris hulle moet versorg./<br>Iris raak deel van die vakansiegesin.√ | 1<br><br><br>1<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | Hy tree as 'n beskermengel op. √<br><br>Hy aanvaar nie verantwoordelikheid vir Peter se keuses nie./Hy beskerm nie vir Peter toe hy 'n ongeluk by die werk gehad het nie. √ | 1<br><br><br>1 |
| 7.10 | Bettie het gif gedrink. √<br><br>Iris het gedink sy gaan 'n heldin wees wanneer sy Bettie van 'n gifdood red, maar Bettie het slegs te ryk geëet./<br>Iris wou dat hulle Bettie hospitaal toe neem, maar uiteindelik beland Iris self in die hospitaal. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 7.11 | Hulle verdra nie vir Bettie nie./Hulle wil nie hê dat Brian met haar trou nie./Hulle luister nie na haar nie. √ | 1 |
| 7.12 | Innerlike konflik. √<br><br>Bettie wil graag met Brian trou, maar hy wil nie weer trou nie. √<br><br>Iris se konflik word opgelos as Riekie uit haar lewe verdwyn. √<br>Bettie se konflik word nie opgelos nie, want Brian wil steeds nie met haar trou nie. √ | 1<br><br>1<br><br>1<br>1 |
| | | **25** |

**OF**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE** |
|---|

| | |
|---|---|
| **B** – Baas se reaksie op verlies van ouers | **I** – Inhoud |
| **G** – Grace se reaksie op verlies van ouers | **S** – Struktuur & Taal |
| **E** – Ouma Essie in hulle lewens | |

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Baas se ouers word op Sable Ranch/in Suid-Rhodesië deur vryheidsvegters vermoor**, want dit was die tyd toe talle Suid-Rhodesiërs in 'n onafhanklikheidstryd betrokke was./Baas was nie daar om hulle te beskerm nie./Bv. bl. 11: … *loop hom in Afrika se onafhanklikheidstryd vas./Hy doen verpligte militêre diens en bevind hom, as lid van die berugte Selous Scouts van Suid-Rhodesië, midde-in die bloedige slagting van baie jare./Terwyl hy elders in die bosoorlog vasgevang is, kry hy 'n berig dat Sable Ranch vir 'n tweede keer aangeval is./Later kry 'n buurman sy pa se lyk in die kliniek …/* bl. 12: … *Sy ma se lyk kry hulle in haar wildskuiling.*
- **Baas se ouers was onskuldige slagoffers van die bloedige stryd,** want hulle het net goed gedoen aan die mense van Suid-Rhodesië/was betrokke by sendingwerk en het 'n kliniek op die plaas ingerig om die plaaslike bevolking te help./Bv. bl. 11: … *Later kry 'n buurman sy pa se lyk in die kliniek wat die Chipmans op die plaas gebou het om basiese hulp en medisyne aan die plaaslike bevolking beskikbaar te stel.*
- **Grace se ouers is ook vermoor/doodgemaak,** want Suid-Afrikaanse troepe/wit soldate het vir hulle voertuig 'n landmyn in die pad gestel./Suid-Afrikaanse troepe het die vryheidstryd in Zambië probeer stuit./Bv. bl. 78–79: *Dit is die voornaam wat altyd aan die oudste seun in die Mulambwa-families gegee word. Muluti Joseph se tradisionele naam was ook Sitali. Hulle is 'n familie indoenas. Haar pa was jonk toe hy die hoofindoena geword het.*/bl. 78–79: *Iemand het kom sê naby die pontboot by Senanga het 'n bussie oor 'n landmyn gery. Toe dit begin reën, het hulle kom sê hoofindoena Sitali Mulambwa en sy vrou is dood.*
- **Grace se ouers het nie verdien om deur wit soldate doodgemaak te word nie,** want hulle was nie betrokke by militêre aksies/geweld nie./het net aan ander goed gedoen./ Bv. bl. 78: ... *Haar pa was jonk toe hy die hoofindoena geword het.*
- **Baas ontwikkel 'n wrok teenoor swart mense** omdat hy verbitterd is oor die manier waarop sy ouers dood is./Bv. bl. 63: *Na my ma en pa deur 'n spul barbare vermoor is.*
- **Baas kom in opstand teenoor sy geloof/lees uiteindelik glad nie meer die Bybel nie** as gevolg van die onregverdigheid./Bv. bl. 13: … *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal …*
- **Baas onttrek hom grootliks en voer 'n afgeslote, privaat lewe wat fokus op sy eie drome** omdat hy alles wat vir hom kosbaar is, verloor het./Bv. bl. 13: … *Baas verloor al sy familiebesittings, insluitende die plaas.*/Bl. 14*: … Tog besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei, dat Houtboschberg se drome nie meer drome wil wees nie …*
- **Op Manaka wil Baas glad nie by die plaaslike bevolking betrokke wees nie,** want hy het niemand in sy lewe nodig nie./Bv. bl. 63: "*Ek is net heeltemal gatvol! Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Na my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"*
- **Baas wil nie al die armes en siekes versorg nie** omdat hy voel hy is nie met 'n doel na Manaka gestuur nie./hy reeds al sy geld gebruik het om die siekes en armes te versorg./ hy sy boot wil klaarmaak t.w.v. die toerismebesigheid./Bv. bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."*
- **Baas wil nie by die sendingkerk se doen en late betrokke wees nie,** want hy wil niks met godsdiens te make hê nie./Bv. bl. 13: *… Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal, …*
- **Grace koester nie 'n wrok teen wit mense/Suid-Afrikaners nie,** want sy is 'n Christen wat vergewensgesind leef./reeds die soldate vergeef het./net goed doen aan ander mense./ volgens die ubuntu-beginsel leef./sy weier om deur Baas weggejaag te word./ Bv. bl. 94: *Ek wil jou help.*/Bl. 95: *… Maar die Here wil nie hê ek moet verskonings gebruik om weg te kom van iemand wat my nodig het nie.*

- **Baas het vir ouma Essie in sy lewe nodig,** want op Manaka gee sy vir Baas rigting en leiding t.o.v. godsdiens./sy is die Profeet van die Bybel wat Baas met sy innerlike konflik help./vir Baas help om antwoorde te vind op sy godsdiensstryd./vir Baas help om uiteindelik as geestelike leier sy oupagrootjie se voetspore te volg en sy rol te aanvaar./ sy help hom om deur 'n veranderde leefwyse ook sy ouers se dood te aanvaar./ Bv. bl. 117: "*Ons is deur die kerk tot by Ngweze gebring.*"/Bl.118: "*Tot daar weer 'n kerkgebou is, sal hierdie boom die kerk wees."*
- **Ouma Essie help Baas met sy sosiale aanpassing op Manaka,** want sy organiseer die verhouding met die sendelinge./neem leiding om die sendelinge en Baas in vrede op Manaka te laat bly./ruk die khuta in die bek omdat hulle Baas uitbuit en hom eintlik wegjaag./Bv. bl. 46*: Die man wat wit is, is baie siek, sê sy by die Plek van die Kremetartbome vir meneer Kebbey.*/Bl. 105*: Aan ouma Essie se hand hang 'n hoenderhen onderstebo.*
- **Ouma Essie help Baas om sy rol as geestelike leier te aanvaar,** want sy sê aanhoudend vir hom dat sy doen en late van hom 'n Christen maak./gee vir hom haar oorlede man se lyfband sodat hy simbolies in die geestelike leier se voetspore kan ingroei./Bv. bl. 112*: Daar was altyd bankies onder die worsboom./*Bl. 118*: Dit is die plek wat die Here deur die khuta aan hulle toegewys het. Die ander man wat wit is, sal vir julle sê wat om te doen om 'n dak oor julle koppe te kry.*/Bl. 118*: En wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie.*/Bl. 121*: Dis my muluti Joseph se lyfband. 'n Sterk man moet 'n sterk lyfband dra. Haal maar af die biesies wat Tibelelo gevleg het.*/Bl. 202: *Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen.*/ Bl. 210*: ... Ek het My laat vind deur dié wat My nie gesoek het nie ...*
- **Grace het ook vir ouma Essie in haar lewe nodig,** want Grace se ouers is dood en haar ouma versorg haar met lewensmiddele en gee vir haar huisvesting./Bv. bl. 57 *Grace het by die sendingstasie by haar oupa en ouma Essie grootgeword.*
- **Ouma Essie duld nie dat die khuta vir Grace inloop nie/kry vir Grace werk as tolk** wat dit vir haar moontlik maak om 'n inkomste te verdien./Bv. bl. 165: *Die mens met wie daar gepraat moet word oor die salaris van die sendelinge se tolk, is nie Tibelelo nie ...*
- **Ouma Essie se voorbeeld van naasteliefde, geloof en mededeelsaamheid beïnvloed Grace om dieselfde te doen,** want sy help Baas om sy innerlike konflik op te los en lei hom so tot aanvaarding van sy ouers se dood./Bv. bl. 185*: ... Miskien kan ons vir haar nog 'n dosis gee. Daar is ook nog Disprins in die noodhulpkis van die sendelinge. Haar koors is baie hoog.*/Bl. 199*: Baas bly staan, sy kop geboë. Dit is die liedjie wat Grace gesing het toe hy besig was om Briekwa te begrawe …*/Bl. 220*: Grace loop die water in om die plank aan te gee wat ingeslaan moet word.*/Bl. 236*: "Was dit Namibiese troepe?" vra Baas. "Nee, Suid-Afrikaners."*

- Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Whitey is baie jare aan haar bekend./<br>Whitey is iemand uit die plaaslike bevolking./<br>Whitey is nie wit nie./<br>Whitey het vroeër vir haar vertel dat haar ouers dood is, iets wat mense baie nader aan mekaar bring./<br>Whitey is meer van 'n vriend./familie. √<br><br>Baas is 'n vreemdeling./<br>Baas is 'n wit man./<br>Baas het dit baie duidelik gemaak dat hy sy privaatheid koester./<br>Baas wil nie iets met die plaaslike bevolking te make hê nie./<br>Baas bly sy Christenskap ontken./<br>Baas is steeds meneer Baas. √ | 1<br><br>1 |
| 9.2 | Baas het nie eintlik vir Grace geken nie.<br>Baas het nie 'n vertrouensverhouding met haar gehad nie.<br>Baas het gesê hy wou niks met die plaaslike bevolking te doen hê nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br>Baas begin nou 'n vertrouensverhouding met Grace bou.<br>Hy ken haar beter as in Ngweze.<br>Hy leer van omgee by haar.<br>Baas hoor by almal dat Christenskap en omgee sinoniem is.<br>Baas sien by Grace en Whitey dat omgee tussen mense belangrik is. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk.* | 2<br><br>2 |
| 9.3 | Baas besef dat hy nie 'n wrok teen Barotseland se mense mag koester oor sy ouers se dood nie./<br>Baas besef dat hy moet vergewe en aangaan met sy lewe. √<br><br>Hierdie gesindheidsverandering maak dit vir hom moontlik om toe te laat dat Manaka voortaan as sendingstasie/vir sendingwerk gebruik mag word./<br>Hy kan sy plek as geestelike leier op Manaka inneem. √ | 1<br><br>1 |
| 9.4 | Grace is aangedaan./<br>Grace soek na woorde./<br>Grace soek 'n uitweg uit die situasie./<br>Grace sou kon dink dat Baas, as Suid-Afrikaner, deel het aan haar ouers se dood. √ | 1 |
| 9.5 | Baas is geskok oor die implikasie van haar woorde./besef sy volk is verantwoordelik vir Grace se ouers se dood.<br>Whitey dink terug aan die nag toe hy die tyding moes oordra./<br>Whitey besef dat Baas eintlik 'n Suid-Afrikaner is (wat hom aandadig maak)./<br>Baas en Whitey besef dat Grace nooit enige wrok teen witmense gekoester het nie./<br>Hulle besef dat Grace vir hulle 'n voorbeeld van vergewensgesindheid stel. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Baas impliseer dat hy en Whitey dieselfde oupagrootjie het./die eerste Baas Dennis Chipman ook Whitey se oupagrootjie is./Baas impliseer dat hy en Whitey familie is.<br><br>Whitey is geskok daarom sak hy op die bed neer./<br>Whitey wil seker maak/bevestig/kontroleer dat die inligting werklik daar staan./dat hy iewers hoort./dat daar familietrekke is, daarom vat hy die Bybel en lees self. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br>2 |
| 9.7.1 | Muluti Joseph/Die induna van God/Haar oorlede man/Die vorige geestelike leier op Manaka se **lyfband**. √<br><br>Hy het in sy rol as geestelike leier ingegroei./<br>Hy is gereed om sy plek as geestelike leier in te neem. √ | 1<br><br>1 |
| 9.7.2 | Ja<br>Hy bid vir die eerste keer in jare.<br>Hy doen vir Ouma Essie 'n gebed.<br>Hy tree reeds as geestlike leier in die gemeenskap op.<br>Hy suggereer dat hy die herstel van die kerk sal lei./sy rol as geestelike leier aanvaar.<br>Hy sê dat daar vir hom (en die ander) werk is wat gedoen moet word. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.8 | Hy bevestig dat hy sy oupagrootjie se doen en late op Manaka gaan voortsit./hy die leier op Manaka sal wees soos in die tyd van sy oupagrootjie.<br>Hy herstel die bankies onder die worsboom sodat die gemeenskap/kinders daar kan byeenkom./sodat kinders daar geleer kan word.<br>Hy en meneer Johnnie werk skouer aan skouer.<br>Hulle het ander mense op Manaka nodig./Hy koester nie meer 'n wrok teen die plaaslike bevolking nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE redes vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.9 | Ja<br>Albei tree soos familie op.<br>Hulle reik uit na mekaar.<br>Hulle is nou mededeelsaam.<br>Hulle vertrou mekaar. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE ooreenkomste vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 9.10 | Die seuntjie moet in 'n boom klim om te kyk of hy die boot sien./<br>Die seuntjie moet hom help om Baas se boot te kry. √ | 1 |
| 9.11 | Die alomteenwoordige verteller is objektief in sy beskrywing van die gebeure./weet wat al die karakters doen, dink en sê./weet hoekom Whitey die seuntjie leen./kan op verskillende plekke wees./help met karakterisering in teks D./beskryf die verhoudings tussen die verskillende karakters as hulle saambid./as hulle hande vat./ √ | 1 |
| | | **25** |

**OF**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE** |
|---|
| **W** – Tant Wonnie verliese |

| |
|---|
| **I** – Inhoud |
| **S** – Struktuur & Taal |

Die kandidaat bied ’n gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie was een van die armstes op Vatmaar, want sy is gedwing om haar groot huis te verkoop** en in ’n agterkamer te bly./Bv. bl.107: *Hulle het op ander se genade in ’n buitekamer gebly wat eens op ’n tyd aan hulle behoort het.*
- **Piet de Bruin het ook nie die erfposie wat Tant Wonnie uit Sannah Vosloo se boedel moes ontvang, aan haar gegee nie.**/Bv. bl. 135: *En van daardie dag af probeer hy my terugbetaal.*
- **Tant Wonnie verloor haar sewende kind** as gevolg van Mevrou Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaatjie se swangerskap./Bv. bl. 268: *Toe haar kind die laaste swakke asem uitblaas, het sy buite teen die ou doringboom gaan staan. Haar oë was oop, maar sy het niks gesien nie ...*
- **Tant Wonnie se goedheid word uitgebuit deur die gemeenskap,** soos deur Settie en Johnny September as sy vir hul rit na Vatmaar betaal./Bv. bl. 190: *Hy lig weer die bottel. Die* twee *lag weer en toe smyt hy die bottel by die kapkar uit.*
- **Tant Wonnie ‘verloor’ haar kind omdat ander mense haar kind vat om te gaan werk,** want Anna de Bruin het Kaatjie net gevat en vir Mevrou Bosman as kinderoppasser gegee./Bv. bl. 135: *Miesies de Bruin, jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee nie ...*
- **Tant Wonnie sukkel voort in armoede na Heinrich se dood omdat sy nie wettiglik met hom getroud was nie** en dus nie geregtig was op sy oorlogspensioen nie./ Bv. bl. 206: *Toe ek die telegram kry dat jou pa dood is, is ek na die army se pay-office toe ... Ek het gesê ek is nooit met die ring getroud nie ... Sorry I can’t help you.*
- **Tant Wonnie verloor weer alles,** want met haar terugkoms is haar kamer geplunder en haar besittings gesteel./Bv. bl.136: *Alles wat binne was, was geplunder.*
- **Tant Wonnie aanvaar haar ontslag uit die diens van die De Bruins** omdat sy weet hulle was eintlik dié wat verleë was./Bv. bl. 130: *Toemaar, daar was ’n dag wat jy my nodig gehad het ...*
- **Tant Wonnie verloor haar werk by die De Bruins** omdat Piet se suster oorlede is wat Tant Wonnie teen sy attensies verdedig het. Sy moet terugkeer na Vatmaar./Bv. bl. 136: *Na Sannah Vosloo se begrafnis is Tant Wonnie en Suzan alleen terug Vatmaar toe.*
- **Tant Wonnie leef in armoede** en met slegs Kaatjie se hulp, moes sy en Suzan van voor begin./Bv. bl.136: *Sy en Suzan het ’n nuwe lewe in armoede begin ...*

- **Tant Wonnie word verder verneder toe Piet de Bruin haar op sy vragmotor laai en met opset die langste pad na die polisiekantoor toe ry** omdat hy haar wou terugkry vir haar weiering van sy seksuele attensies./Bv. bl. 142: *Piet de Bruin het die langste moontlike pad deur die Pan gery na die charge-office toe.*
- **Tant Wonnie ervaar intense hartseer omdat haar lewensmaat, Heinrich, in die oorlog sterf en ses van haar kinders in die Groot Griep**./Bv. bl. 180-181: *My Heinrich het nooit van die oorlog af teruggekom nie ... ek het ses met 1918 se Groot Griep verloor. Hulle is almal saam in een sloot begrawe ...*
- **Settie September se vals beskuldiging van Tant Wonnie het veroorsaak dat sy vir altyd die goedgunstigheid van die Vatmaar-gemeenskap verloor het,** omdat hulle haar altyd as 'n dief sou beskou./hul was nie by die hofverrigtinge nie./Bv. bl. 228: *Maar Wonnie, het jy nie al die mense na haar huis toe sien gaan nie?*
- **Tant Wonnie is van haar waardigheid ontneem** toe sy saam met die polisieman op die perd moes stap na die tronk./Bv. bl. 157–161: *"Die polisieman het van sy perd afgeklim en haar hande voor haar lyf vasgeboei, 'n prisonier moet voor die perd uitloop ..."*
- **Tant Wonnie ervaar vernedering as vrou terwyl sy op Schoongesicht werk** omdat Piet de Bruin haar probeer verkrag./Bv. bl. 135: *Jou vuilgat, jou vuilgat! het ek gesê ... Piet de Bruin het soos 'n gekweste bul weggeloop. En van daardie dag af probeer hy my terugbetaal.*
- **Tant Wonnie voel haar lewe lank dat sy iets moet terugbetaal** nadat Piet de Bruin probeer het om haar seksueel te verlei./Bv. bl.135: *En van daardie dag af probeer hy my terugbetaal.*
- **Tant Wonnie ervaar vernedering** omdat haar intieme briewe van Heinrich met die gemeenskap gedeel is nadat Moira Jacobs dit vir Tant Wonnie moes lees en alles wat daarin staan uitgeblaker en die inhoud aangedik het./Bv. bl. 207: *Nou hierdie Moira het altyd jou vader se briewe vir my gelees. Die volgende dag het die hele Vatmaar geweet wat daarin staan.*
- **Tant Wonnie is gebroke oor Norman se dood**, want sy besef sy het hom al die tyd liefgehad./Bv. bl. 215: *Toe ek dit nie langer kon uithou nie, het ek weggeloop en my hart gaan uithuil ...*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Oom Flip het diamante gesteel. √<br>Bennie was 'n vleisdief. √ | 1<br>1 |
| 11.2 | Vatmaar is 'n fiktiewe woonplek ongeveer 8 km (vyf myl) van Du Toitspan af. √ | 1 |
| 11.3 | Settie September het gesê sy het haar ring gesteel. √<br><br>Tant Wonnie was 'n Rehoboth-baster/nie blank nie/wat op grond van rasse-klassifikasie so sleg deur die blanke polisieman behandel is./<br>Tant Wonnie was baie arm;/daarom behandel die polisieman haar as deel van die laagste vlak van die bevolking.<br>Die polisieman het nie respek vir Tant Wonnie nie. √ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.4 | Die verteller dra kennis van al die gebeure in teks E./<br>Die verteller dra kennis van die karakters (Tant Wonnie/konstabel/inwoners) se handelinge./<br>Die verteller dra kennis van die karakters (Tant Wonnie/konstabel/die inwoners) se ingesteldheid.<br>Die verteller dra kennis van die karakters (Tant Wonnie/die konstabel/die inwoners) se emosies. √ | 1 |
| 11.5 | Die wit man is blatant rassisties./word as blatant rassisties gestereotipeer./<br>Die wit man word gestereotipeer dat hy geen respek vir 'n ander ras/vrou het nie.√<br><br>Die Müller-vroue word in hierdie roman gestereotipeer as sterk./vreesloos. √ | 1<br><br>1 |
| 11.6 | Familiewaardes<br>Ewige liefde<br>Ware liefde<br>Getrouheid<br>Hardwerkendheid √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE waardes vir EEN punt elk aan.*<br><br>Ja<br>Gesinne leef in vrede en liefde saam./<br>Ek is bewus van baie voorbeelde waar ware liefde seëvier.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die hegte familiestruktuur is nie meer in vandag se samelewing so belangrik nie./<br>Liefde het goedkoop geraak.√<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke motivering vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>1 |
| 11.7 | Spanning/Afwagting √ | 1 |
| 11.8 | Diensbaarheid<br>Onselfsugtigheid<br>Trots<br>Medemenslikheid<br>Deursettingsvermoë √√<br><br>*Die kandidaat kan die karaktereienskappe omskryf.*<br>*Die kandidaat bied TWEE karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.*<br><br>Hulle misbruik haar/haar goeie geaardheid./<br>Hulle het haar nie betaal nie/volgens die waarde van die werk wat sy gedoen het betaal nie.√ | 2<br><br>1 |
| 11.9 | Beide die geregsdienaars verneder die oortreders. √ | 1 |
| 11.10 | As jy Engels kan praat, is jy beter as ander mense. √<br><br>Ja<br>Oom Chai sê hulle dink hulle is beter as ander./<br>Suid-Afrika het toe nog sterk bande met Brittanje gehad./<br>Engels is hoër geag as Afrikaans. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.11 | Die predikant behoort nie betrokke te wees by diefstal nie, maar hy gebruik nou die Bybel as regverdiging vir die steel van die diamant. √<br>Die predikant behoort 'n waarheidsverkondiger van die Bybel te wees, maar hy verdraai nou die Bybel om sy gewete te sus. √<br><br>Alhoewel hy die waarheid praat, het die waarheid hom nooit vry gemaak nie./<br>Die waarheid het nooit tot sy vryheid gelei nie, want hy is 'n jaar later tydens die eerste winter in die tronk oorlede.√<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 2<br><br><br>1 |
| 11.12 | Vatmaar het sy ontstaan te danke aan goed wat maar net gevat is./<br>Sommige goed in Vatmaar is op oneerlike wyse bekom./<br>Hulle het nie geweet van die agste gebod nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Diefstal is 'n algemene verskynsel in ons samelewing vandag.<br>Die mens wil nie verantwoordelikheid vir verkeerde dade aanvaar nie.√√<br><br>*Die kandidaat gee TWEE soortgelyke gemotiveerde menings vir EEN punt elk.*<br><br>*Aangesien diefstal strydig met die landswette is, kan NEE nie as antwoord aanvaar word nie.* | 2<br><br><br>2 |
| | | **25** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 12: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE** |
|---|
| **AM** – Antie Grootmeisie beïnvloed Map<br>**BM** – Blanchie beïnvloed Map<br>**BC** – Blanchie beïnvloed Cavernelis<br>**MC** – Maud beïnvloed Cavernelis |

| |
|---|
| **I** – Inhoud<br>**S** – Struktuur & Taal |

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Antie Grootmeisie se verkragting./die dood van haar dogter laat Map in die tronk beland/aan 'n skuldgevoel ly/sewe jaar van sy lewe in die tronk deurbring,** want hy voel verantwoordelik vir Antie Grootmeisie se toestand./stomheid./Bv. bl. 9: ... *Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles ...*/Bl. 15: *Hulle sê sy's stom, ek mien, lat sy haar praat geverloor het daai selfde aand nog ...*
- **Danksy Antie Grootmeisie se volgehoue besoeke./ondersteuning hou Map vol om sy lewe in die tronk te verbeter/met sy bekeringsproses in die tronk,** want sy ma se liefde vir hom is tasbaar./hy weet dat sy hom nie verwerp nie./hy is steeds haar kind./ *Bv.* bl. *9: Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles .../Bl. 9 Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self./ Bl. 62: ANTIE GROOTMEISIE (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie ...*
- **Antie Grootmeisie verwerp Map nie/ondersteun Map vir sewe jaar** daarom neem Map se inherente goedheid beheer van sy lewe./*Bv.* b*l. 29: ... maar die Here, Hy het my vergewe ...*/Bl. 29: *Kyk, hy het nuwe klere aan!*/Bl. 62: *ANTIE GROOTMEISIE (praat vir die eerste keer in jare): Johnnie ...*
- **Die teenwoordigheid en invloed van die vroue, Antie Grootmeisie en Blanchie** maak Map se uitsiglose bestaan in die tronk positiewer./Bv. bl. 10*: Het Ma al vir Blanchie gesê van my, lat ek vir Ma gesê het ek het die Here gekry hierso ...*
- **Blanchie het 'n positiewe invloed op Map se tronkbestaan, veral wanneer sy hom besoek** omdat hy van skooltyd af lief is vir haar en daarom, wil hy hê sy moet weet hy is weer Johnnie./Bv. bl. 11*: ... lat ek 'n annerste man is ... Ma ... Sê tog vir Blanchie wat ek sê ...*/Bl. 13: *Ek het ... vir haar ... liefgehad ...*
- **Blanchie is die rede waarom Map sy lewe in die tronk wil verander** omdat hy deurgaans in die tronk vra dat sy ma haar die ware toedrag van sake moet gaan vertel./Bv. bl*.* 25: *Ek het vir Blanchie gesê, Hy breek die gevangenis vir my oop!*

- **Blanchie besoek Map nie meer nie,** want sy werk by die Lonely Hearts./as model./assosieer nie met hom in die tronk nie./haar pa verbied haar om met Map/Johnnie iets te make te hê./en dit veroorsaak konflik by Map./*Bv.* bl. 23*: Hy's 'n ... 'n misdadiger .../* Bl. 23*: Jy moet nou weg van hom af ... weg, weg, weg van hom af ...*
- **Map word vrygemaak,** want Blanchie besef haar eie skuld./Bv. bl. 60: *Ek is so vuil, Johnnie ...*/bl. 60*: Johnnie ...*
  **Maud ondersteun Cavernelis se droom om uit die township te kom,** want sy doen ook ekstra naaldwerk./sy meen hulle verdien beter./Bv. bl. 1: *Skaars by die huis, skaars by die huis, dan is hy weer vort.*/Bl. 42: ... *wat kan sý tog inkry moet die naaimasjien moet die dressmaking ...*
- **Maud moedig Cavernelis aan om hulle uit die township te kry,** want sy dink hulle is beter as die ander mense./verdien beter./Bv. bl*. 3: Ek sê vir jou, we must get óút of here, óút, óút ...*
- **Maud herinner hom gedurig aan sy drome van 'n beter lewe en dit spoor hom aan om harder te werk,** maar sy kla aanhoudend omdat hy so hard werk./nie vir haar tyd het nie./Bv. bl. 2: *God, you're a good man ... I'm sure you're a good man.*/Bl. 4*: Not to worry, Cavernelis-darling* ...
- **Maud se uiteindelike reaksie op die nuus dat Blanchie nie die kontrak gekry het nie lei tot Cavernelis se selfdood,** want hy kan nie haar gramskap/ontnugtering verduur nie./Bv. bl. 54: *Fóóls! Bloody stupid fools! Jus' look at us now, kyk nou ... hoe humiliate julle vir ons!!!*
- **Cavernelis se strewe na 'n beter lewe word aangevuur,** want Blanchie aanvaar die werk wat haar pa vir haar kry./Bv. bl. 42*: Daar was 'n rumour al, ma' ek moet sê dis nou maar net 'n rumour, lat Blanchie ... well ... 'n abortion gehad het ...*/Bl. 55*: 'Is alles Daddy se skuld!*
- **Cavernelis se besef dat hulle as gesin vir mekaar se ondergang verantwoordelik is, lei tot sy selfmoord,** want hy besef dit het nie die vryheid gebring waarna hy so gesmag het nie./'n mens kan nie jou vryheid op so 'n manier koop nie.
- **Blanchie se uitbarsting/beskuldiging laat Cavernelis besef dat hy Blanchie misbruik het,** want hy voel skuldig en die uiteinde daarvan is sy selfdood./Bv. bl. 54: *So jy't rêrig gedink Blanchie gaat Paris toe! En lat die geld sal kom? ... You must be joking, Cavernelis-darling!/*Bl. 59*: Daddy! ... Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Toe ... loop hy net ... weg ...*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**25**

**OF**

**VRAAG 13: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 13.1 | Map se goeie gedrag het hom parool besorg. √<br><br>Map is veronderstel om 12 jaar tronkstraf uit te dien./<br>Map is na sewe jaar 'n vry man. √ | 1<br><br><br>1 |
| 13.2 | Map het net sy suster en Ma probeer beskerm./<br>Hy het homself gaan oorgee./<br>Map het onmiddellik skuld erken. √ | <br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.3 | Richie is skynheilig./inmengerig./bemoeisiek. √<br><br>Richie en Cyril praat oor alles en almal, maar nou klink hy onskuldig deur te sê dit het niks met hulle te make nie.√<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 1<br><br><br>1 |
| 13.4 | *Lag* gee 'n verklaring van die aksie wat die karakter moet uitvoer./<br>*Lag* gee nodige inligting vir die regisseur. √<br><br>*Die kerrimskyfies is "kinders"* verskaf belangrike agtergrondkennis./<br>*Die kerrimskyfies is "kinders"* verskaf inligting vir die leser om die handeling/intrige beter te verstaan. √ | <br>1<br><br><br><br>1 |
| 13.5 | Die dramaturg gebruik "sy"/"haar"./<br>Die dramaturg maak nie "die ou lady" se identiteit direk bekend nie. √<br><br>Die dramaturg verwys nie na 'n spesifieke aand nie./<br>Die dramaturg verwys nie na gebeure op daardie spesifieke aand nie. √ | <br>1<br><br><br>1 |
| 13.6 | Ja.<br>Richie sê hy was bly hy was nie daardie aand saam nie, wat daarop dui dat hy al voorheen ook by sulke dinge betrokke was.<br>Die twee is ook leeglêers wat niks beter is as die manne wat daardie aand saam met Map was nie.<br>Hulle praat nou net so omdat hulle gelukkig (verlig) is dat hulle nie in 'n soortgelyke situasie beland het nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Richie/Hulle was moontlik voorheen by sulke dinge betrokke, daarom weet hy wat aangaan.<br>Diegene wat by sulke gebeure betrokke raak, kan tereg "varke" genoem word.<br>Richie/Hulle moet ook verantwoordelikheid vir hul dade (as bendelede) aanvaar. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE bewyse vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 13.7 | La Guma is 'n selfaangestelde politieke kommentator./<br>La Guma is 'n aktivis./<br>La Guma is 'n karikatuur weens sy obsessie met politiek/fiksheid./<br>La Guma belig die milieu/agtergrond/sosio-kulturele omstandighede./<br>La Guma dra by tot konflik by ander karakters. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.8 | Kaapse Vlakte. √<br><br>Die ruimte frustreer hulle./<br>Die ruimte lei tot 'n lae moreel./<br>Die ruimte veroorsaak dat hulle nie hoop/'n toekomsverwagting het nie.√<br><br>Die inwoners is vasgevang in 'n metaforiese tronk.<br>Hulle is vanweë die landswette van die tyd gedwing om op die Kaapse Vlakte te woon waaraan hulle nie kan verander nie.<br>Die ruimte is gekenmerk deur misdaad en sosiale probleme.<br>Ledigheid lei tot sosiale en maatskaplike misdrywe waarvan die mense deel word.<br>Hul bedrywighede in dié omgewing hou verreikende en uiters negatiewe gevolge in. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 13.9 | Cavernelis wil niks van Map Jacobs se doen en late weet nie./<br>Cavernelis wil die feit dat Map uit die tronk kom, ignoreer./<br>Cavernelis ignoreer die gedagte dat Map weer moontlik deel van hul lewe kan raak. √ | 1 |
| 13.10 | Die lot van mense wat in 'n uitsiglose bestaan vasgevang is./<br>Die lot van mense wie se kanse op uitkoms min is./<br>Ontworteling/<br>Uitgeworpenheid/<br>Die weggooibares/<br>Die vergete mense/<br>'n Soeke na identiteit. √ | 1 |
| 13.11 | Albei is maniere om jou identiteit/herkoms te bevestig. √<br><br>Nee.<br>Cavernelis wou nooit in die township bly (behoort) nie.<br>Cavernelis beskou tatoeëermerke as eie aan misdadigers soos Map.<br>Cavernelis beskou homself as 'n Bolander./het geweet waar hy hoort. √√<br><br>*Die kandidaat kan nie JA as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 13.12 | Adam Small teken protes aan oor onderdrukking./die ontmagtiging van die mens./die apartheidsbeleid./armoede. √<br><br>Die mense leef in haglike omstandighede, 'n wasteland.<br>Onregverdigheid is aan die orde van die dag wanneer blankes voorkeur vir werk kry.<br>Sosiale en maatskaplike probleme, soos bendes en werkloosheid, vier hoogty.<br>Probleme soos verkragting van Antie Grootmeisie en Klein-Meisie kom onder die loep.<br>Apartheidwetgewing het hierdie nedersetting tot gevolg.√√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **25** |

**OF**

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 14: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LITERÊRE OPSTEL VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **KODE** |
|---|
| **S** – Sirkus |

| | |
|---|---|
| **I** – Inhoud | |
| **S** – Struktuur & Taal | |

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Die sirkus beklemtoon die armoedige bestaan wat Miem-hulle voer** aangesien die sirkus as die eksotiese in die drama voorgestel word./Bv. bl. 3: *Die kombuis van 'n armoedige huisie op 'n kleinhoewe net buite 'n plattelandse dorpie.*/Bl. 29: *Ek sien die tent. Die groot tent en die liggies.*
- **Die sirkus as simbool van die bose skep afwagting** by die kyker/leser wat wonder watter negatiewe invloed die sirkus op die karakters gaan hê./Bv. bl. 11: *Die dwase! Maar ek was my hande in onskuld.*
- **Die sirkus veroorsaak konflik tussen Miem en Meisie,** want Meisie kyk na die liggies terwyl Miem haar verbied het./Bv. bl. 7: *Liggies! Jy weet ek het jou verbied!*
- **Die teenwoordigheid van die sirkus veroorsaak dat Miem vir Meisie verwyt oor die invloed van Meisie se ongehoorsaamheid op Miem se gesondheid**. Daardeur probeer Miem 'n houvas op Meisie verkry./Bv. bl. 7: *Ek kon vir twee weke net gortsop eet.*
- **Vir Miem simboliseer die sirkus die bose,** want dis iets waarteen ander gewaarsku moet word./Bv. bl. 11: *Ons het gewaarsku en gewaarsku, maar hulle wou nie hoor nie. As ek dink aan die aaklige mense.*
- **Die sirkus laat Miem besef dat Meisie ontevrede/ongelukkig in haar omstandighede is,** maar sy is onkundig oor die werklike rede vir Meisie se ontevredenheid./Bv. bl. 11: *Dit sal haar goed doen. Sy is mos alewig ontevrede.*
- **Gertie se vertelling oor die sirkus** laat haar vermoed dat die meisies elke keer verdwyn het wanneer die sirkus in die dorp is./Bv. bl. 13: *Die sirkusgedoente was die vorige kere ook hier. Op dieselfde aand! Wie weet, miskien is hy een van hulle!*
- **Die onheil waarvan die sirkus die simbool is, veroorsaak dat Miem vir Konstabel in hul huis toelaat om hul te beskerm,** onwetend dat hy Meisie gaan verlei, die bose is./ Bv. bl. 15: *Kom gerus binne.*
- **Die sirkus veroorsaak dat Gertie nie eerlik teenoor Miem kan wees nie,** want sy jok oor haar rede om na die sirkus te gaan./Bv. bl. 11: *Sien ... ek wou na hierdie arme skepsels gaan kyk ... hierdie armsalige en gebreklike wesens ... sodat ek my seëninge kan tel.*

- **Met Gertie se vertelling van haar besoek aan die sirkus** is dit duidelik dat sy haar neerdrukkende oujongnooibestaan deur die sirkus kan ontsnap./Bv. bl. 13: *Kyk na MIEM en MEISIE asof sy wakker word.*
- **Meisie voel vasgevang in haar omstandighede,** sy mag nie die sirkus besoek nie en die sirkus word haar simbool van bevryding./Bv. bl. 12: *Sy is mos alewig ontevrede.*/bl. 30: *En elke jaar het sy my streng belet om sirkus toe te gaan.*
- **Meisie verander van skaam om met die Konstabel te praat** na opgewonde wanneer sy deur die venster na die sirkusliggies kyk en daardeur betower word./Bv. bl. 28: *besig om te loer. Opgewonde.*
- **Die sirkus veroorsaak skuldgevoelens by Meisie,** sy vra Konstabel om nie vir haar ma te sê dat sy na die liggies kyk nie, daardeur word die Konstabel Meisie se vertroueling./vriend./Bv. bl. 28: *Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.*
- **Meisie voel aangetrokke tot die kleurryke, flambojante hofnar** wat haar aan die sirkus herinner en dit lei tot haar bevryding./Bv. bl. 52: *Hy maak ’n effense buiginkie en wys haar met ’n sjarmante handgebaar by die huis uit.*
- **Die sirkusmusiek wat in die verloop van die drama gehoor kan word,** dra tot die eenheid van die drama by./Bv. bl. 15: *Deur die oop deur kan die sirkusmusiek gehoor word.*/Bl. 19*: Die aaklige musiek. Dit hinder u seker ook, Konstabel.*
- **Die sirkusmusiek, wat elke keer wanneer die deur oopgemaak word, gehoor kan word,** skep spanning./Bv. bl. 4: *Die sirkusmusiek is baie belangrik en word altyd gehoor wanneer die agterdeur oopgemaak word.*
- **Die sirkusmusiek dra tot Meisie se verleiding/bevryding** by wanneer die Konstabel haar dwing om ’n rukkie daarna te luister./Bv. bl. 51 *MEISIE: Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief. KONSTABEL: Net vir ’n rukkie.*
- **Die sirkusmusiek betower Meisie** en dra so tot haar bevryding by wanneer sy op die maat van die musiek by die huis uitdans./Bv. bl. 51: *Sy beweeg haar kop effens op maat van die musiek. Dan begin sy fyn danspassies uitvoer wat herinner aan dié van ’n marionet.*
- **Die Konstabel word deur die sirkusmusiek betower** om van Konstabel na ’n hofnar/pierrot te transformeer en Meisie so uit haar omstandighede te bevry./Bv. bl. 49: *Hy staan met sy rug na die gehoor en luister na die sirkusmusiek.*/Bl. 50: *Hy luister na die musiek en glimlag effens. Dan beweeg hy sy kop van kant tot kant. Byna droomverlore voer hy, sonder om weg te beweeg, ’n paar danspassies uit wat herinner aan dié van ’n marionet.*
- **Die hofnar bevry Meisie,** want sy dans op maat van die sirkusmusiek by die agterdeur uit./Bl. 51: *Haar dans word nog uitbundiger.*

Die kandidaat verskaf ’n gepaste slot.

**25**

**OF**

**VRAAG 15: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Gertie wil sê dat hulle dankbaar is vir sy beskerming gedurende daardie nag./dat hulle in die gevreesde nag veilig sal wees. √ | 1 |
| 15.2 | Sy is afhanklik van haar ma se goedkeuring.<br>Sy is bang dat haar ma met haar sal raas./ontevrede sal wees.<br>Sy is bang dat haar ma weer sal siek word.<br>Sy is gewoond daaraan om oor alles rekenskap te gee. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.3 | Dis 31 Augustus 1936 wat vir hulle gevaar inhou.<br>In die vorige twee jaar het daar telkens op dié spesifieke nag 'n jong meisie verdwyn.<br>Die drie vrouens is alleen in die huis sonder 'n manlike beskermer.<br>Gertie stel belang in die Konstabel./probeer Konstabel beïndruk. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE redes vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 15.4 | Nee<br>Hy beplan om Meisie later in die nag weg te voer./uit die huis te neem./te ontvoer./<br>Hy beplan om die vrouens te mislei. √ | 1 |
| 15.5.1 | Sy beskerm Meisie.<br>Sy is bang dat iemand vir Meisie sal wil kom ontvoer.<br>Sy wil nie vir Meisie aan die bose invloed van die sirkusmusiek blootstel nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>Ja<br>Sy onderdruk/domineer Meisie so dat Meisie smag na vryheid van haar beperkende/ beklemmende omstandighede. √<br><br>*Nee kan nie as 'n antwoord aangebied word nie.* | 2<br><br>1 |
| 15.5.2 | Sy is van mening dat die gevaar buite is, maar die gevaar is reeds in die huis in die persoon van Konstabel./<br>Sy vertrou die Konstabel omdat hy 'n uniform dra, maar hy is die towenaar-hofnar wat Meisie gaan bevry./<br>Die sirkusmusiek is nie die euwel/bose/negatiewe invloed nie, maar sy is die oorsaak van Meisie se ontevredenheid./<br>Die sirkusmusiek is nie die euwel nie, maar haar siekte is die oorsaak van Meisie se ontevredenheid./<br>Die sirkusmusiek is nie die euwel nie, maar haar beheptheid met die beswering van die bose is die oorsaak van Meisie se ontevredenheid. √<br><br>*Albei kante van die ironie moet aangebied word.* | 1 |
| 15.6 | blind staar (teen die feite) √<br><br>misgekyk het √ | 1<br><br>1 |
| 15.7 | Ja<br>Dit wil Miem/die leser voorberei op die gebeure van die nag./<br>Dit beklemtoon Konstabel se valsheid en manipulering./<br>Dit skep spanning./<br>Dit herinner die leser/vrouens aan die dreigende gevaar.<br>Dit vorm deel van die verwikkeling van die drama. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.*<br>*NEE kan nie as antwoord aangebied word nie.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.8 | Gertie leef haar in Konstabel se beskrywing van tant Hannie in.<br>Gertie word so deur Konstabel gemanipuleer dat sy meegevoer word.<br>Gertie ervaar nou die sensualiteit waarna sy so smag. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>"beswyming" √<br><br>Gertie wil graag van haar eensame bestaan bevry word./<br>Gertie is ook 'n gevangene van haar omstandighede./<br>Gertie wil graag van haar oujongnooiskap bevry word./<br>Gertie wil graag van haar vervelige bestaan bevry word. √ | 2<br><br><br><br>1<br><br><br><br><br>1 |
| 15.9 | Dit dra by tot spanning./maak die leser bewus van die onheilspellende buiteruimte.<br>Dit dra by tot afwagting √<br><br>Dit skep 'n valse gerustheid. √ | 1<br><br>1 |
| 15.10 | Dit dui op Miem se eie valsheid. √ | 1 |
| 15.11 | TEKS J<br>Sy is 'n eensame/ongelukkige/gefrustreerde vrou wat smag na haar man se teenwoordigheid./<br>Sy is self 'n gevangene wat smag na bevryding van haar omstandighede./<br>Sy gee net voor om so sterk en in beheer te wees. √<br><br>**EN**<br><br>TEKS I<br>Sy wil Meisie se liggaam en siel teen alles wat boos is, beskerm./<br>Sy besweer die bose deur Meisie teen al die negatiewe, wêreldse invloede te beskerm./<br>Miem is 'n dominerende ma./<br>Miem is 'n sterk ma./<br>Miem is 'n kwaai ma./<br>Miem is 'n onsimpatieke ma./<br>Miem het nie begrip vir haar kind se behoeftes nie./<br>Miem het nie begrip vir haar kind se verlangens nie. √<br><br>**EN**<br><br>Sy is baie onverantwoordelik deur Konstabel in die huis toe te laat./<br>Sy is baie onverantwoordelik deur te dink dat iemand met 'n uniform aan kan vertrou word./<br>Sy is baie onverantwoordelik deur Meisie aan Konstabel af te smeer./<br>Sy is baie onverantwoordelik deur haar eie selfsugtige begeertes (t.o.v. Gabriël) bo Meisie se veiligheid te stel./<br>Sy is baie onverantwoordelik deur Meisie nooit vryheid te gun nie./<br>Sy is baie onverantwoordelik deur nooit moeite te doen om 'n beter verhouding met Meisie te hê nie. √ | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 6–7 | 5 | 4 | 3 | 0–2 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>7 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 3 | 2 | 1 | 1 | 0 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>3 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 9–10 | 7 | 5 | 4 | 0–2 |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou